Wat het regtig op die Kruis gebeur?

Inleiding

Tradisionele prente en voorstellings van die kruisiging stem nie ooreen met profetiese beskrywings daarvan in die Bybel nie. Omdat duisternis tydens die kruisiging op die wêreld toegesak het en daar nie duidelik gesien kon word wat daar gebeur nie, is ons afhanklik van wat aan Ou Testamentiese profete geopenbaar is (Matt. 27:45).

Waarom beklemtoon die Skrif Jesus se lyding op die kruis?

> *"...want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde"* (1 Kor. 2:2).

Hoe verskil die lyding van Jesus op die kruis van die lyding van die twee rowers wat saam met Hom gekruisig is en van die marteling wat so baie van Sy volgelinge deur die eeue moes deurstaan?? (Sien *Fox's Book of Martyrs).* In Hebreërs 11 lees ons byvoorbeeld van gelowiges wat tydens foltering selfs in twee gesaag is!. As Jesus se pyn en lyding dus nie so uniek was nie, waarom word dit so beklemtoon?

Galasiërs 3:13 en 1 Petrus 2:24 gee vir ons die antwoord:

> *"Christus het ons losgekoop **van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word**—want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang"* (Gal. 3:13, my beklemtoning).

Hoe het Jesus ons losgekoop van die vloek van die wet? – Hy het ons losgekoop deur die straf op die verbreking daarvan **in Sy liggaam** op Homself te neem!

> *"...wat self ons sondes **in sy liggaam** op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe* (1 Pet. 2:24, my beklemtoning).

Wat was die straf wat Hy *"in Sy liggaam*" op die kruis moes verduur?

Om dit te weet moet'n ons eers verstaan wat die vloek van die wet behels. Dit word breedvoerig in Deuteronomium 28:15-68 beskryf:

> *"...as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, **dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal..."***

Volgens Galasiërs 3:13 is diegene wat in Christus Jesus is, losgekoop van die vloeke wat in Deuteronomium 28:15-68 opgenoem word, vloeke soos byvoorbeeld pes, tering, swere, uitslae, kranksinnigheid en nog vele ander! Dit is veral interessant om daarop te let dat Deuteronomiun 28:25 verklaar dat die een waarop die vloeke neerkom *"'n skrikbeeld" ("a thing of horror,"* NIV*)* sal word. 1 Petrus 2:24 word gewoonlik gelees met die klem op die seëninge wat die lyding van Jesus vir die "ons" en die "my" inhou. As dié skrifgedeelte egter teen die wyere openbaring van die Skrif gesien word, vind daar'n klemverskuiwing plaas in

die manier wat dit verstaan word – die klem skuif dan na wat Jesus **in Sy liggaam** op die kruis moes verduur:

> *"Hy het **self** ons sondes **in** sy liggaam aan die kruis gedra"* (1 Pet.2:24, My beklemtoning).

Profetiese beskrywings van die kruisiging

Die beskrywing in Psalm 22 van Jesus op die kruis, stem nie ooreen met gewone prente van die kruisiging nie. Alhoewel Psalm 22 'n psalm van Dawid genoem word, kan dit nie na hom verwys nie, want op geen stadium van sy lewe is sy voete en hande deurboor of is daar oor sy klere die lot gewerp nie (vers 17,19). As sulke profetiese detail aangaande die klere van Jesus letterlik waargekom het, hoeveel te meer sou dít wat omtrent Sy liggaam voorspel is, nie ook gebeur het nie? Stel u die volgende beskrywing van Jesus se liggaam op die kruis voor:

> *"Al my bene het uitmekaar geval...Al wat been in my is, kan ek tel..."* (Psalm 22:15,18).

(Daar moet op gelet word dat in die 1983 Afrikaanse Bybel vertaling van Psalm 22 daar gepraat word van Jesus se hande en voete wat vasgebind was, wat nie ooreenstem met Johannes 20:25 wat beskryf hoe die opgestane Jesus die merke van die spykers in Sy hande aan Sy dissipels gewys het nie!)
Wat word in u verbeelding opgeroep as u die beskrywing in Psalm 22 van Jesus se liggaam op die kruis, lees?

> *"Al my bene het uitmekaar geval...Al wat been in my is, kan ek tel..."* (Psalm 22:15,18).

Hierdie beskrywing herinner my aan foto's van die uitgeteerde liggame van gevangenis wat weens hongersnood in konsentrasiekampe omgekom het – hulle ribbebene kan letterlik onder die vel van hul uitgeteerde liggame getel word. Wat kon met die liggaam van Jesus op die kruis gebeur het dat ook Jesaja dit as iets vreesliks beskryf?

> *"...hy was so misvormd dat hy nie meer soos 'n mens gelyk het nie..."* (Jes. 52:14).

Hoe kon die gewone mishandeling van 'n Romeinse kruisiging dít aan 'n liggaam doen? Dit kon nie 'n gewone kruisiging gewees het nie, want Romeinse soldate wat bekend was vir hulle onverskrokkenheid, het vreesbevange geraak toe hulle al die dinge sien wat tydens die kruising gebeur het! (Matt. 27:54).

Jesus se plaasvevangende dood

Om Jesus se pyn en lyding op die kruis te waardeer, moet die beginsel van substitusie in die verlossingsboodskap verstaan word. Die verduideliking van hierdie beginsel word in Jesaja 53:5 gegee:

> *"Oor ons oortredings is hy deurboor, **oor ons sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op Hom..."*** (my beklemtoning).

God wat ’n God van geregtigheid is, kan sonde nie ongestraf laat nie; die sondaar moet gestraf word, in die hel, of iemand moet die straf namens hom dra.

Wat beteken Galasiërs 3:13?

> *“Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet **deur vir ons ‘n vloek te word**—want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan ‘n hout hang…”* (My beklemtoning).

Ons moet weet wat die vloek van die wet is om te waardeer wat Jesus moes deurmaak om ons daarvan los te koop. Dit word in Deuteronomium 28 beskryf.

> *“Maar as jy nie luister na die stem van die HERE jou God, om sorgvuldig te hou al sy gebooie en sy insettinge wat ek jou vandag beveel nie, **dan sal al hierdie vloeke oor jou kom en jou inhaal...**”* (Deut. 28:15, my beklemtoning).

Dinge soos tering, inflammasie, koorssiekte, kwaadaardige swere, peste, plae en vele ander dinge word as vloeke opgenoem (Deut. 28:15-68). Volgens Galasiërs 3:13 is diegene wat in Jesus Christus is, deur Hom van dié vloeke losgekoop. Om dit te kon bewerkstellig beteken dat van dié vloeke as straf op Jesus as die plaasvervangende offer vir sonde moes neerkom:

> *“Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; **die straf** wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom...”* (Jes.53:5, my beklemtoning).

Stel u voor, in ’n kwessie van drie uur, tref die vloeke Jesus op die kruis! Volgens die beskrywings van Dawid en Jesaja moes dit iets afskuweliks gewees het:

> *“Al my bene het uitmekaar geval...Al wat been in my is, kan ek tel...”* (Psalm 22:15,18).

> *“...hy was so misvormd dat hy nie meer soos ’n mens gelyk het nie...”* (Jes. 52:14).

> *“Wie sal ons glo as ons hiervan vertel? ... ’n man van lyding wat pyn geken het ...**iemand vir wie die mense die gesig wegdraa**i”* (Jesaja 53:3, my beklemtoning).

Op die kruis is Jesus deur die Vader *“gepynig”* en *“verbryse*l” en die straf wat vir sondaars bedoel was, was op hom (Jesaja 53):
Jesus se kruisiging was geen gewone Romeinse kruisiging nie, want die aarde het geskud, rotse het geskeur, die voorhangsel in die tempel het geskeur en ontslape heiliges het uit die grafte gekom! Die son het verduister en duisternis het oor die aarde toegesak. Dit verklaar seker hoekom God dít wat werklik op die kruis gebeur het, profeties aan Sy profete moes openbaar.

Getsemane
Jesus se lyding was nie beperk tot Sy ervaring op die kruis nie, want ons lees in Lukas 22:43-44 dat in Getsemane Sy sielswroeging al so erg was dat Hy sweet soos bloeddruppels

gesweet het! Hoe verduidelik ’n mens wat Hy daar ervaar het? Die gevolge van sonde in die gemoed van die mensdom, die haat, die ontnugetring, die hartseer en die verdriet, moes Hy ook voor betaal! Wat Jesus daar ervaar het, was só intens dat Hy op ’n stadium die Vader gevra het, as dit moontlik was, om dié lydingsbeker van Hom af weg te neem, maar tog het Hy uitgeroep:

> *“...nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil”* (Matt.26:39).

Die simboliek van die brood en die wyn

Oor die brood het Jesus verklaar:

> *“...**Dit is my liggaam** wat vir julle **gebreek** word**...**Gebruik dit tot my gedagtenis...”* (1 Kor.11:24, my beklemtoning).

Oor die beker het Jesus gesê:

> “*Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, **verkondig julle die dood van die Here** totdat Hy kom”* (1 Kor.11:25, my beklemtoning).

Die nagmaal kan op ’n verkeerde manier gevier word.

> *Elkeen wat op ’n **ongepaste wyse** van die brood eet of uit die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan sonde teen **die liggaam en die bloed** van die Here... want hy wat eet en drink **sonder om te besef dat dit die liggaam van die Here is**, bring daardeur ’n oordeel oor homself”...* (1 Korintiërs 11:23-31, my beklemtoning).

Gedurende nagmaalsdienste word gelowiges gewoonlik op grond van 1 Korinthiërs 11: 27 gemaan dat as iemand teen ’n broer of suster oortree het, daar eers reggemaak moet word voordat nagmaal gebruik kan word. Dit kan egter nie die betekenis wees van ***“sonde teen die liggaam en die bloed van die Here”*** nie, want alhoewel gelowiges Sy liggaam genoem word, word daar nooit in die Skrif na hulle verwys as Sy bloed nie. Restitusie is ook iets wat elke dag gedoen moet word, nie net met nagmaal nie. Die sonde teen **die liggaam en die bloed** van die Here kan dus nie verwys na sondes tussen broers en susters nie, maar moet verwys na wat met Jesus se liggaam op die kruis gebeur het!

As gelowiges verlos is van die vloek van die wet, hoekom gebeur sommige van die dinge wat in Deuteronomiun 28:15-68 as vloeke opgeteken is, soms nog met ons?

Daar is nie ’n simplistiese antwoord nie, maar een ding kan ons van verseker wees, die Vader sal niks waarvoor Sy Seun op die kruis moes voor betaal, as ’n vloek op Sy kinders laat neerkom nie. Ons kan ook verseker wees, dat wat Hy ookal in ons lewens toelaat, dit sal bydra tot die uiteindelike doel om ons meer en meer gelykvormig aan die beeld van Sy Seun te maak.

Daar is ’n verskil tussen ’n vloek en ’n tugtiging!

Alhoewel ons verlos is van die vloek van die wet is ons nie verlos van tugtiging nie!

> *"**Die Here tugtig hom wat Hy liefhet**...sodat ons sy heiligheid kan deelagtig word"* (Heb. 12:5-10, my beklemtoning).

In die geval van die Korinthiërs is hulle getugtig omdat hulle tydens nagmaal skuldig was aan blatante sonde en geen waardering gehad het vir die feit dat Jesus swaar moes ly om die straf daarop te dra nie. Watter metode van dissiplinering God ookal in die lewe van Sy kind mag gebruik, sluit nie die verlies van saligheid in nie. Die les wat ons van die Korinthiërs moet leer is dat veral tydens nagmaal ons die offer van Jesus op die kruis moet waardeer en ons ons self moet ondersoek ten opsigte van onbelyde sonde in ons lewe.
Die gevolge van die Korinthiërs se onverskilligheid ten opsigte van sonde, is dat sommige deur die Here getugtig moes word:

> *"Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap. Want as ons onsself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie. **Maar as ons geoordeel word, word ons deur die Here getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie"*** (1 Kor.11:30-32, my beklemtoning).

Sekere dinge wat ons oorkom is egter nie altyd tugtiging nie, maar die gevolge van ons eie onwyse besluite of van 'n ongesonde lewensstyl. Ons is ook soms slagoffers van fisiese faktore waaroor ons geen beheer het nie.
Wanneer siekte egter 'n kind van die Here tref, nadat selfondersoek gedoen is, moet gedoen word wat Jakobus voorskryf:

> *"Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word..."* (Jak. 5:14-16).

Slotsom

Ons saligheid rus op die plaasvervangende offer van Jesus op die kruis:

> *"Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom"* (2 Kor. 5:21).

> *"Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees"* (2 Korintiërs 5:21, my beklemtoning).

Dít is wat substitusie beteken.

Nick Maartens
Jeffreysbaai
0827826074
www.nickmaartens.co.za